**Om namens ander te hoop**

Hoop is ʼn *bogger*. En tog is dit so belangrik. Die meeste lesers sal vertroud wees met die mite van Pandora wat ʼn houer (boks) oopgemaak het waaruit al die kwaad wat die mensdom besoek, ontsnap het. Sy het dit vinnig weer toegemaak en daar het net een iets in die houer oorgebly. Daardie iets was terselfdertyd die beste ding in die wêreld en ook die slegste ding in die wêreld, en dit was hoop. Hoop laat die mensdom deur die eeue aangaan, moeilike tye oorleef en sinvol voortleef. Hoop as onvervulde verwagting kan die teenoorgestelde bewerk. My ouma het ʼn minder gebalanseerde siening van die saak gehad en gereeld haar agraries geïnspireerde siening van hoop opgesom as – ja, ʼn koei hoop ook en dis mis. En dan is daar natuurlik die aartsoptimiste, diegene wat optimisme met ware hoop verwar, uit wie se immer glimlaggende monde "elke donker wolkie het ʼn silwer randjie" soos ʼn refrein opklink. Ek sien al hoe my ouma haar mond afkeurend trek by die aanhoor daarvan en hulle op hulle beurt geskok na my ouma kyk wanneer sy hulle antwoord.

Dit wil my voorkom asof al meer mense deesdae my ouma se siening van die saak ondersteun wanneer hulle rondom hulle kyk in ons land en dinge sien wat hulle hoop tap. In hulle doen en late raak hulle ook al meer apaties, hulle word algaande minder betrokke in die samelewing en neig om meer inwaarts te keer en net op eiebelang te fokus. Tog, ten spyte van die feit dat ʼn mens soms simpatie het met hoe hulle voel, sien die grootste gros mense wel nog so plus-minus kans vir die dag, wys hulle optrede dat hulle nog altyd glo dat hulle optrede ʼn verskil maak en bly hulle betrokke. Die blote feit dat mense kans sien om week na week verder te druk met die dinge waarmee hulle hulself besig hou, berus op die feit dat hulle op een of ander wyse hoop koester, dat hulle oortuig is dat dit die moeite werd is om te lewe en dinge aan te pak in Suid-Afrika.

Daardie hoop wat mense het, is egter nie net hulle eie hoop nie, dit is nie net iets wat van hulle self afhang nie. Hulle hoop is ook gefundeer in die hoop van ander en ander se hoop is weer gereeld afhanklik van hulle hoop. Die geskiedenis van die dood illustreer hierdie punt goed soos Douglas Davies dit ook uiteensit in sy boek oor die tema. Kyk ʼn mens byvoorbeeld wêreldwyd na die landskap, dan sien ʼn mens dat dit deurdrenk is van die geskiedenis van die dood en dat daardie tekens in die teken van een of ander soort hoop staan. Van die piramides in Egipte wat as grafkelders van Farao's gedien het; deur die rookkolomme van wat oor die Ganges opgaan ten tyde van die verassings van Hindoes; tot by die kerkhoffies regoor die Suid-Afrikaanse platteland vol geknakte suile, kinderengele en kruise wat dapper probeer regop bly ten spyte van die natuurkragte. Elke konstruksie wat na die dood van ʼn mens opgerig word en elke handeling wat uitgevoer word, is simbole van hoop. En meestal was en is daardie simbole, simbole van hoop wat gedra is deur mense wat namens diegene wat in daardie omstandighede geen hoop gehad het nie, gehoop het. Die mense namens wie daar in en deur daardie simbole gehoop is, het dikwels weer op hulle beurt, wanneer die geleentheid hom voorgedoen het, namens die ander mense gehoop.

Wanneer ʼn mens byvoorbeeld kyk na die Romeine wat ʼn muntstuk in die mond van die oorledene geplaas het om vir Garon, die bootsman na die onderwêreld, te betaal, dan sien ʼn mens iets meer van hoe hulle hoop gelyk het. Hulle het hulle hoop gevestig op ʼn vorm van voortbestaan wat ten spyte van hierdie uitsiglose situasie, tog ʼn moontlikheid is. Telkens kommunikeer die geboue, simbole en gebruike: daar is meer, meer as wat mense nou in hulle uitdagende omstandighede kan sien. Terselfdertyd ontken hulle nie die realiteit van wat gebeur het nie. Die slegte word benoem en so word ook ʼn stuk beswering gedoen deur handelinge soos om klere te skeur, hardop te huil, in protes ʼn kruis na ʼn moord in die grond te druk. Dit vorm deel van die daad van hoop. Sommige mense sal vir jou se dat ʼn duiwel net uitgedryf kan word as hy eers ʼn naam gekry het. Alkoholiste Anoniem weet dit al lankal en so ook mense wat met diegene wat gemolesteer is werk. Stap een is

dus: gee hom ’n naam en stap twee is ’n erkenning dat daar meer is om te sien as wat daar nou in hierdie omstandighede gesien kan word.

Dit klink alles goed en mooi, die idee om namens ander te hoop, maar mens moet pasop, want hoop is ’n *bogger*. Te veel silwer randjies in moeilike omstandighede wat blyk sonder uitsig te wees en sonder ’n benoeming van wat verkeerd is, gaan daai silwer wolk te swaar maak sodat dit met ’n harde slag op ons koppe val. En te hoe mishope, wel, die beeld sal ek maar eerder nie verder ontwikkel nie, maar die punt is, mens gaan daarin vasval. Inderdaad, hoop is terselfdertyd die beste ding in die wêreld en die slegste ding en daarom is ’n gebalanseerde benadering nodig. Maar beteken dit Pandora moet haar houer nog altyd deur al die eeue dig toe hou sodat hoop nie daaruit ontsnap nie? Nee, maar haar verhaal en haar versigtige hantering van hoop, is wel van groot belang in ons eie dag in Suid-Afrika.

In ons land is daar tans mense wat moedeloos is. Dit is belangrik om te weet dat hulle hoop nou van ander mense afhang. Hoe sal diegene op wie se skouer daardie verantwoordelikheid nou rus reageer? Dalk ’n neonkleurige SMS met die woorde “*cheer* jouself op, elke donker wolkie het ’n silwer randjie” stuur? Of eerder daar langs die braaivleisvuur elke week net alles wat verkeerd is uitlig en die diepte van die afgrond bekragtig deur my ouma se wysheid te herhaal?

Die geskiedenis van die dood wys dat die oorlewing van die mensdom onder andere berus op hoe daar met hoop omgegaan word. Om gereeld op ’n gebalanseerde wyse namens ander te hoop is van kritieke belang.